Familie Tuisblad

20 – 26 September 2020

Eksodus 16: 15
Dit is die brood wat die Here vir julle gee…

fokus vers

in samewerking met *nous.org.za*

TEMA van die week

Ons is oorvloedig met mekaar!

So: Eksodus 16: 2-15
Ma – Di: Matteus 20: 1-16
Wo – Do: Psalm 105: 1-6, 37-45
Vr – Sa: Filippense 1: 21-30

BYBEL tyd

BID tyd

Dankgebed (Gebed voor ete)
Dankie vir die goedheid wat ons in hierdie kos van U ontvang, Help ons om nie afgunstig te wees nie. Amen.

Oorgee–gebed
Help ons om vandag vir ander meer te gee as wat hulle toekom. Amen.

Seëngebed (Seën mekaar elke oggend so)
Mag jy vandag sien hoe die Here jou seën vêr bo jou verdienste.

Lees die **Teks** soos aangedui in **Bybel-tyd** hierbo.

Oopskop vraag: Wat het jou geraak in die teksgedeelte en watter vrae het by jou opgekom?

Raakvat vra:

- Die verhaal van manna en kwartels vertel vir ons wat die Here vir ons gee om elke dag nie net te oor leef nie maar lewe in oorvloed te kan beleef.
- God gee egter nie net manna en kwartels nie, Hy stel ook 'n werklikheid in dat die manna slegs vir 'n dag goed en aangenaam bly. God wil egter deur die realiteit vir sy volk iets belangriks leer – leef daagliks uit my hand want ek sal vir jou voorsien soos jy nodig het.
- Ons vertroue in God is een van die moeilikste dinge. Tog is dit ook deel van ons sonder dat ons besef. Praat eers as gesin oor alles wat julle verseker. Is versekering 'n teken van ongeloof? Bv. as ons motorversekering uitneem is dit verkeerd? Dalk is jou versekering die rede dat die persoon teen wie jy gebots het hulle motor kan herstel en voortgaan met hulle lewe.

GESELS tyd

Ons gesels saam oor ons lewe en geloof

SPEEL tyd

Ons spandeer kwaliteit–tyd saam

Hou 'n *oorvloedsmaal*. Dis nie noodwendig baie kos wat kan mors nie. Nee, eet een keer die week uit baie groot borde (skinkborde) en drink uit baie groot bekers of glase en eet met die broodmes en 'n vleisvurk.
Dit herinner ons dat die Here 'n oorvloedige God is en vir ons sal gee wat ons nodig het.

DOEN tyd

Ons oefen ons geloof op 'n praktiese manier

Gaan werk vandag iewers in 'n tuin of park of straat en trek onkruid uit of tel papiere op.

Gee vir elke gesinslid een dag in die week wat sy/haar "dag van oorvloed" is. Die dag kry hy/sy meer as al die ander en word hy/sy ook bederf.

LEEF tyd

Ons leef ons geloof heelweek uit